Rubriek Briewe

Helder oordag in stad beroof

Ek stem volkome saam met mev. A. van der Merwe, Seun se gesig met bottel opgekerf (11/11/03).

Ek is 'n 21-jarige meisie wat daarvan hou om uit te gaan. Ek het geen probleem met die feit dat klubs "gebust" word nie, maar moet die hele polisiemag daarby betrokke wees?

In die drie maande wat ek in Bloemfontein woon, is verskeie klubs al meer as twee maal "gebust" vir dwelms, maar absoluut niks word gedoen omtrent die rooftogte wat plaasvind nie -- deesdae sommer helder oordag.

Daardie tieners wat die dwelmsgebruik, doen dit uit vrye wil, dis hul geld en hul lewe wat opgemors word. Los hulle en spandeer liewers meer tyd om al die boewe van die strate af te kry, want hulle besteel en plunder onskuldige mense.

Vier van my vriende en myself ingesluit is verlede week helder oordag in Zastronstraat in Bloemfontein van beursies en selfone beroof. Waarom doen die polisie absoluut niks hieraan nie?

Hoeveel mense moet nog seerkry en te na gekom word voordat die polisie gaan optree?

Mej. A.M. Bester Bloemfontein